

FOKUSTYD 2015

EK KNIEL VOOR ONS GOD

**Vandag se preke gaan oor die tema:
Ek kniel sodat julle deur die HEILIGE GEES
innerlik sterk sal word**

Ons fokus hierdie week op die wonder dat Christus nou reeds in ons wil woon. Natuurlik, is Christus reeds in elke gelowige, as Hy nie in ons was nie sou ons nie Christene gewees het nie. Die fokus van hierdie gebed is daarom nie op ons aanvanklike bekering, wedergeboorte en regverdigmaking nie – al die dinge het reeds gebeur.

Wanneer Paulus hier bid dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon, val die klem op die “woon”. Paulus bid dat Christus tuis sal wees in ons harte. Christus is tuis in ons wanneer Hy nie maar net in ons harte is nie, maar ook werklik oor ons regeer.

In hierdie week gaan dit oor ons elkeen se persoonlike verhouding met ons Here Jesus Christus. Die dagstukkies hierdie week handel oor:

- 1.1. 'n Gebed vir elke gelowige
- 1.2. Die geheimenis van Christus in ons
- 1.3. Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop
- 1.4. Dis nie ek wat leef nie, maar Christus in my
- 1.5. Jaco en Liza Lemmer deel met ons hulle ervaring van hoe Christus deur die geloof in ons harte woon.

Week 2

Ek kniel sodat Christus deur die geloof in julle hart sal woon



Skakel gerus met
die kerkkantoor as jy
nog by 'n Kleingroep
wil inskakel.

Tema van Fokustyd:

Ek kniel voor ons God (Ef 3:14-21)

'n Gebed om groter bewustheid en beleving van ons identiteit in God

Getrek deur die beweging in die GKSA wat as die Kerkgroeistrategie (voorheen Omkeerstrategie) bekend staan is daar besluit om die jaar op persoonlike groei in ons verhouding met God te fokus. Voordat verandering nie by elkeen van ons plaasvind nie, sal daar ook nie verandering in die kerk plaasvind nie. Die verandering begin waar elkeen van ons voor die Here in gebed kniel.

FOKUSTYD 2015

EK KNIEL VOOR ONS GOD

Inleiding: Ek kniel in gebed voor ons VADER

Week 1: Ek kniel sodat julle deur die HEILIGE GEES innerlik sterk sal word

Week 2: Ek kniel sodat JESUS CHRISTUS in julle sal woon

Week 3: Ek kniel sodat julle sy LIEFDE sal ken

Week 4: Ek kniel sodat julle vervul kan word met die VOLHEID VAN GOD

Week 5: Ek kniel sodat God geëer kan word



So werk die Fokustyd:

Die bedoeling van die Fokustyd is dat ons as gemeente vir vyf weke op 'n gesamentlike saak fokus. Beskou dit as 'n afsonderings- of stiltetyd vir die gemeente.

Die Fokustyd vind op drie vlakke van ons geloofslewe plaas.

1. Daar is vyf dagstukkies geskryf wat 'n hulpmiddel is vir jou persoonlike stiltetyd of huisgodsdienst. Maak vir jou 'n vaste tyd en kweek sommer die gewoonte aan om geroetineerd binnekamergodsdienst te hou.
2. Daar is 'n groepsriglyn wat gebruik kan word in huisgodsdienst, tydens klein-groepsbyeenkomste of Bybelstudiebyeenkomste. Sluit by bestaande kleingroepe aan of begin jou eie kleingroep – al is dit net vir die vyf weke. (Die kerkkantoor sal kan help met meer inligting oor kleingroepe.)
3. Sondae se eredienst sluit ook aan by die Fokustyd. Die oggend se preek word ook in die internasionale diens gepreek en die aand se preek sluit by die betrokke tema aan.

Die ideaal is dat almal in die gemeente op al drie die vlakke betrokke is by die Fokustyd. Indien dit egter nie moontlik is nie, nooi ons jou in alle geval om deel te wees van die Fokustyd.